

Lêerno.: 18/5/5
Verwysing: 20240213-1641

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0006/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale en Beheerliggame van nie-artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Nie-artikel 21-skole word daaraan herinner om hul WKOD 032-toewysings vanaf 01 tot 10 April 2024 elektronies op SOBIS te voltooi

1. Hierdie minuut moet saam met Omsendbrief 0020/2023 van 01 Augustus 2023 gelees word.
2. Sodra die finale begrotingstoewysings op 31 Maart 2024 op SOBIS ontvang word, moet nie-artikel 21-skole hul beskikbare norme-en-standaarde- (N&S-) toewysings vir 2024/25 tussen die onderskeie uitgawekategorieë verdeel.
3. Vir skole se gerief is inligting vooraf op die elektroniese WKOD 032-vorm op SOBIS ingevul en kan onder die oortjie: *Administration*", *School financial transaction*" gevind word.
4. Prinsipale word aangeraai om van **01 tot 10 April 2024** toegang tot die elektroniese WKOD 032-vorm op SOBIS te verkry. Lees asseblief die Welcome note en volg die How-to-guide wat op die stelsel beskikbaar is.
5. Die WKOD 032-vorm moet op die finale toewysingsbedrag gebaseer wees. Verwys in hierdie verband na die brief wat op 31 Maart 2024 op SOBIS gepubliseer is.
6. Waar geen afwyking van die aanbevole toewysingspersentasies in die vooruitsig gestel word nie, moet die skool die *"No-deviation"*-opsie kies, kies om dit te stoor/in te dien en die aftekenproses volg.
7. Waar 'n skool besluit om af te wyk van die toewysingspersentasies, soos in paragraaf 3.1 van Omsendbrief 0020/2023 aanbeveel, moet die skool sy besluit aandui en die afwykingsproses volg. Let daarop dat met hierdie afwyking, dit 'n vereiste is dat 'n afskrif van die beheerliggaam se besluit in hierdie verband op SOBIS gelaai word.

8. Met afhandeling van die afwykings- en aftekenproses moet 'n afskrif van die voltooide WKOD 032-vorm gedruk en deur die voorsitter van die beheerliggaam onderteken word.
9. Die WKOD 032-proses moet teen nie later nie as 10 April 2024 deur die prinsipaal op SOBIS voltooi en afgeteken word. Versuim om dit teen die sperdatum in te dien sal daartoe lei dat die N&S-toewysing in die voorgestelde persentasies verdeel word, soos in paragraaf 3.1 van Omsendbrief 0020/2023 uiteengesit.
10. U samewerking in hierdie verband word waardeer.
11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2024-02-19